

Maandag 27 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14	Fokusgedeelte: Openbaring 14:16
------------------------------	------------------------------------

Die Here kom haal self die gelowiges as die tyd ryp is

En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai.

Daar is geen verdere rede vir die wêreldgeskiedenis om voort te gaan nie! Die Here Jesus laat daarom sy sekel oor die aarde gaan! Maar Hy samel nie alles op die aarde in nie – Hy samel net die graan in! Hy gerf die gelowiges in sy hande saam en sny die gerwe los van die aarde af. So word elke gerf in die koninkryk van sy Vader versamel.

Dis hoe die Here met ons gaan werk. Ons wat in ons lewe soos graan was wat vir God ryp geword het.

Sing: Psalm 119-1:63

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)